**Lees: Lukas 10 vers 38-42 en Johannes 12 vers 1-3**
**Tema: Baie stil is lewestil**

Die intensiewe vorm van stil is doodstil. Maar in ons verhouding met die Here verander baie stil na lewestil. Geestelike lewe, groei en passie begin waar ons stilraak en luister na die Here.

Stilword is teen die meeste van ons se grein. As ons dink oor beter kind van die Here en gemeente wees, dan dink ons gewoonlik eerste aan 'n klomp aktiwiteite wat ons moet aanpak. Beter gemeente wees beteken vir baie van ons nog aksies, kursusse, bedienings en dalk ook 'n kamp of twee. Ons motivering om hierdie goed te doen, is gewoonlik omdat 'n ander gemeente dit ook doen.

Ons noem 'n hardwerkende persoon 'n dienende Martha. Maar was dit Martha of Maria wat werklik gedien het?

Om stil te raak en te luister na God en Sy Woord is die eerste ding wat 'n gelowige elke dag moet doen. Vanuit ons luister na die Here, gaan ons as kerk tot aksie oor.

Kom gaan staan vanoggend stil by:

1. **Die dienende Martha**
2. **Die dienende Maria**
3. **Die doenende Maria**

**Die dienende Martha**

Martha en Maria en hulle broer Lasarus, wat Jesus uit die dood uit opgewek het, was Jesus se huisvriende. Dikwels nadat Hy in Jerusalem gepreek het en die vyandskap van die Jode moes verduur, het Hy na hulle toe gegaan. Ons lees van Sy eerste besoek in Lukas 10. Martha het Hom ontvang. Waarskynlik was sy die oudste van die twee susters. Maria, so vertel Lukas ons, het aan die voete van Jesus gesit en na Sy Woord geluister.

Martha daarenteen was baie bedrywig. Sy was baie besig. 'n Mens kan dit jou eintlik voorstel hoe sy heen en weer hardloop om alles in orde te kry en om die heerlikste maaltyd aan haar Heiland voor te sit. Sy wou die Here dien met haar dade. Vir Hom het sy net die beste oorgehad. Sy wou haar liefde vir Jesus bewys. Maar terwyl sy so druk besig en doenig was, was daar iets wat haar gepla het - sommer baie gepla het. Dit was haar suster Maria, wat daar aan die voete van Jesus gesit het en niks gedoen het nie. Hoe bedrywiger sy geword het en hoe haastiger sy geraak het, hoe meer het dit haar gehinder. Dit het vir haar dwars in die krop gesteek dat Maria niks doen vir haar dierbare Meester nie. Sy sit net daar. Daar gaan geen dade van liefde van haar uit nie, maar sy sit maar net en luister aan die voete van Jesus.

'n Mens kan Martha se irritasie so goed begryp. Want sit 'n mens nie vandag ook met dié probleem in die kerk nie, met mense wat niks doen nie? Dit is algemeen in gemeentes dat 'n klein groepie mense, die dienende Marthas, alles moet doen! Dit hinder my. Want wie werklik lief is vir Jesus, so dink ek, sal ook mos graag vir Jesus wil dien, vir Hom werk en vir Hom 'n verskil wil maak. In die boek Jakobus is dit baie duidelik dat geloof sonder dade dood is.

Daarom voel 'n mens, so by die eerste hoor, volle simpatie met Martha. Maria moet vermaan word. En dit is ook presies wat Martha doen. Op 'n stadium raak alles vir haar net een te veel. Sy spreek Maria egter nie direk aan nie, maar sy rig haar tot die Here Jesus: "Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help". Sy kon nie verstaan dat die Here dit toelaat dat Maria niks doen nie. En nou sou ons verwag, en dit het Martha ook sekerlik verwag, dat die Here Jesus die luisterende Maria, die in ons oë niksdoenende Maria, ernstig sou aanspreek. Maar

verbasend genoeg doen Hy dit nie. Inteendeel, nie Maria word vermaan nie, maar Martha, die dienende Martha.

Ons het reeds gehoor dat Martha baie, baie besig was. Eintlik beteken die woordjie "bedrywig" dat sy weggetrek is. Sy was so besig met wat sy vir Jesus wou doen, dat sy weggetrek is van die lerende Jesus. Haar aandag is sodanig deur haar diens vir Jesus in beslag geneem, dat sy nie tyd gehad het om te luister na Sy woorde nie.
Dit is die rede waarom, wanneer Martha by Jesus kla oor Maria se niksdoen, nie Maria nie maar Martha 'n liefdevolle vermaning uit die mond van die Here kry: "Martha, Martha, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die beste deel gekies".
Wat is die een ding wat nodig is? Wat bedoel Jesus met die beste deel wat Maria gekies het? Uit die gelese gedeelte is die antwoord vanselfsprekend: dat sy gaan sit en luister het.

Ons moet die vermaning van Jesus goed begryp: Hy sê nie dat dit verkeerd is om vir Hom te werk en om vir Hom besig te wees in die kerk, in die samelewing en in verskillende organisasies nie.
Dit gaan hier vir Hom oor prioriteit. Luister kom eerste. Uit luister volg doen.
Die gevaar is vandag steeds vir ons groot dat ons so besig sal wees met allerhande aktiwiteite in ons dien van die Here, ons jaag van een aksie na die ander, dat ons vergeet van die eerste ding wat nodig is. Om te sit en luister aan die voete van Jesus. Ons is so besig met die dinge van die Here dat ons nie by die Here van die dinge uitkom nie.

**2. Die dienende Maria**
Maria het gedien deur aan die voete van Jesus te sit en na Sy Woorde te luister.

Ons lees nie waaroor die gesprek gegaan het nie, maar hier enkele dae voor Sy dood het Hy haar waarskynlik vertel wie Hy was en waarom Hy gekom het. God het Hom gestuur om vir ons sonde te kom sterf. Hy het gekom om sondaars te roep tot bekering. Hy het die verlore skape kom soek.
En wat is wonderliker as om hierdie boodskap uit die mond van die Heiland te mag hoor! Dit is geen wonder nie dat Maria aan sy lippe gehang het, dat sy haar doodeenvoudig nie kon losskeur van haar Meester om Martha te gaan help nie.

Wanneer sit ons aan die voete van Jesus? Wanneer ons in ons stiltetyd so stilraak voor Hom dat ons Sy stem kan hoor. Ons sit aan die voete van Jesus elke keer wanneer Sy Woord oopgemaak word. Die Here praat op baie maniere met ons, maar Hy praat in die eerste plek met ons vanuit die Bybel. Ons sit ook aan Sy voete by doop en nagmaal. Ons het soveel geleenthede om Sy stem te hoor, maar luister ons nog? Hang ons aan Sy lippe? Is ons, soos Maria, so diep aangegryp daardeur dat ons net eenvoudig nie kan wegloop of wegbly nie?

**3. Die doenende Maria**
Maria het die Here gedien deur na Hom te luister, maar dit het nie daar gebly nie. In Johannes 12 lees ons van die derde besoek wat Jesus aan Sy vriende gebring het: "Hulle het toe vir Jesus 'n maaltyd berei, en Martha het bedien". Die "hulle" wat 'n maaltyd berei het, sê al klaar vir ons dat Martha nie die enigste dienende was nie, maar dat daar ook 'n dienende Maria was.
Maar dit is nog nie die belangrikste nie. Net in die volgende vers lees ons: "En Maria het 'n halfliter egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en Sy voete afgedroog met haar hare". Nardusolie was haar kosbaarste besitting, 'n peperduur olie wat uit Indië ingevoer is. Die olie het 300 silwermuntstukke, 'n gewone arbeider se loon vir hele jaar, gekos! Hoe het sy gekom tot hierdie daad? Deur die hoor en verstaan van Jesus se woorde!

Gewoonlik is olie op iemand se kop uitgegooi as teken van salwing of gelukwensing. Die uitgooi van die olie op Jesus se voete is simbolies van Maria se nederige diens. Dit is ook 'n teken van die salwing van Jesus voor Sy dood oor 'n paar dae. Die dissipels was nog nie reg vir Sy dood nie, want hulle het dit steeds nie verstaan nie. Maria het iets verstaan van wie Jesus was en waarom Hy gekom het, want sy het na Hom geluister.

Sy het egter nie net bly sit by die voete van Jesus nie. Haar luister na die evangelie, gaan oor in dade. Dit dring haar tot hierdie grootse liefdesdaad.

Jesus wil hê dat ons diensbaarheid ook dáár sal begin: aan Sy voete! Dáár onder die geklank van Sy Woord! Want dáár, juis dáár, word dienende lidmate gemaak. Juis dáár word luisterende gelowiges doenende gelowiges.

Baie stil vir gelowiges is nie doodstil nie, maar lewestil aan die voete van Jesus. 'n Dienende en aktiewe kerk luister, luister, luister na die Woord van die Here wat ons opwek tot lewe.
**Amen**